

Hoekom 'n Dekgewas?

Die Natuur streef daarna om grond 24/7 te bedek!

Natuur skep iets om ontblote- kaal grond te bedek. Onkruid is 'n mensbenaamde term. Na regte is dit 'n pionier plant wat grond wil bedek.

Plant suksessie – Begin by pionier plant (status) tot by klimaks plant (status) wanneer die area in balans is met genoegsame Biodiversiteit (nie monokultuur nie). Gaan kyk hoe lyk die natuur daar waar die mens nog nie kom intefeer het nie. Daarom die konsep van “ Multi-Spesie Cover Crop “ – Multi-Spesie Dekgewas.

Byvoorbeeld; 'n Dubbeltjie, min reën nodig, bedek vinnig en produseer gou saad vir voortplanting. Soos die suksessie vorder, word die dubbeltjie al minder.

Natuur streef altyd na Biodiversiteit (Groot verskeidenheid spesies/plante) – nooit monokultuur soos die mens daarvan hou nie. Elke veskillende plant het 'n komplementêre effek op die ander.

Dekgewas (Cover Crop) is Basies 'n “ **Onkruid van jou Keuse** “

Wat is die effek van 'n dekgewas(multi spesie – nie monokultuur nie):

- Dekgewasse (Cover Crops) verminder/bekamp erosie – lewende wortel hou grond vas; reën intensiteit nie direk op ontblote gronde nie – skokkende feit is dat 0,1% van die reënbuie verantwoordelik is vir 75% van die gronderosie.
- Verlaag vog verlies agv verdamping – ontblote grond warmer sonder bedekking.
- Genoegsame bedekking deur dekgewas smoor onkruid – onkruid nie nodig om grond te bedek nie.
- Dekgewasse (Cover Crop) help om sleutel minerale beskikbaar te stel – nl Ca, P, N.
- Dekgewas help om gewas te beskerm teen knopwortel aalwurm. Brassica skei isothiosinilate af wat toksies is vir die aalwurm (getalle word afgedruk). Ook help die isothiosinilate teen swamsiektes.

- Dekgewasse (Cover Crops) voed die grond met deurlopende eksudate van glukose uitskeiding direk in wortel zone. Voedsel aan die mikrobiëse werksmag.
- Dekgewasse (Cover Crops) voorsien habitat aan voordelige insekte deur nektar en stuifmeel te voorsien.
- Deurlopende wortelmassa akkummulering in die grond veral deur meerjarige dekgewasse is daar 'n versnelde verhoging van organiese materiaal inhoud in die grond. Verhoogde mikrobiëse aktiwiteit en veral die swam Mycorrhiza bevorder humus vorming in die grond. Mycorrhiza is verantwoordelik vir meer as 30% van die humus in die grond. Mycorrhiza word vernietig deur landbou chemikalee en oormatige bewerking.
- Grond aggremaat vorming kom van Mycorrhiza wat glomalien vorm. Dit kom van organiese materiaal vertering deur die mikrolewe wat die basis vorm van humus. Humus kan katione en anione vashou (akkommodeer) waar klei alleen katione vashou – Verhoog dus KUK (kation uitruil kapasiteit) asook AUK (anion uitruil kapasiteit).
- Vir elke 1% verhoging van C% (koolstof) in die grond word die waterhouvermoë met 144000 liter per ha verhoog. Kom ons bou damme sonder walle en waar water nie kan verdamp nie.

Deur 'n kombinasie van spesies in 'n dekgewas mengsel saamgestel uit die 5 groepe te plant word die voordeel eksponensieel verhoog. Daar is 'n sinergie wat ontstaan en alles gebeur in 'n versnelde rat.

Onthou ons boer nie met mielies of met koring of met skape of met beeste of met lusern of met gras nie.

Maar ons boer met

Grond

Dit is duidelik dat die voordele wat verkry word uit multi-spesie dekgewasse legio is.

- Grondstruktuur verbeter vinniger en humus word meer effektief gevorm
- Verhoogde grondgesondheid
 - Verhoog grond organiese materiaal inhoud.
 - Bevorder grond aggremaat vorming
 - Verbeter water infiltrasie
 - Herwin nutrient in biologiese vorm – verlaag logging
 - Elimineer erosie
 - Verbeter vog beskikbaarheid
 - Meer voordelige insekte teenwoordig, natuurlike siektedruk bestuur.

Ons as landbouers het 'n verpligting om toe te sien dat ons, ons hulpbron - **Grond** moet oppas en met die regte respek hanteer.

Die tipiese multi-spesie dekgewas mengsel mag 'n dosyn of meer verskillende plante spesies in hê, maar die mengsel moet verteenwoordiging hê van tenminste 1 uit elke groep.

Die 5 groepe is:

Grasse (Grasses)

Grane (Grains)

Brassica

Chenopods

Peulplante (Legumes)

'n Groep boere in Amerika bekend as die carbon cowboys behaal ongelooflike resultate. Hulle grond organiese materiaal inhoud of grond koolstof in die grond is plekke al hoër as die natuurlike woude digby hulle(wat ongerep is).

Plante (Spesies) in verskillende groepe:

Grasse:

Sudan grasse; Sorghum/Sudan; Meerjarige grasse; Eenjarige grasse; Raaigrasse; Swenkgrasse; Kropaargrass; Manna; Tef; Redingsgrasse; Babala; ens.

Grane:

Sorghum; Mielies; Koring; Hawer; Gars; Rog; Sonneblom; Sorghum basters; ens.

Brassica:

Canola; Mostert; Kale; Forage Rape; Raap; Tiller radys (daikon); Jap radys; ens.

Chenopods:

Suikerbeet; Beet; Spinassie; Swiss chard

Sub-spesie – Bokwiet; Rhubarb en Sigory.

Peulplante:

Akkerbone; Dolichos; Sojabone; Lusern; Wieke; Voer erte; Klawer; Lusern; Mung beans; Sunn Hemp; Lupiene; Faba bone; medics; ens.

Kan groter mengsels maak, maar waar teen te groot in kg.

Groter verskeidenheid ja – maw meer spesies

Maar al 5 groepe moet verteenwoordig wees teneinde die beste reaksie te bewerkstellig.

Sodra die grane en grasse te hoog word oorskadu dit alles, en verlangde effek nie verkry.

Mengsel voorbeelde:

Mengsel 1

Akkerboon 7kg
Sentop 5kg
Tiller radys 1kg
Subzero 1kg
Sigory 1kg
Beet 1kg
Spinasie 1kg
Totaal 17kg

Mengsel 2

Akkerboon 3kg
Sunn Hemp 2kg
Sentop 3kg
Babala 3kg
Manna 2kg
Hawer 4kg
Tiller radys 1kg
Subzero 1kg
Canola 1kg
Sigory 1kg
Beet 1kg
Swiss chard 1kg
Totaal 22kg

Mengsel 3

Akkerboon 4kg
Wieke 3kg
Sorghum 3kg
Sentop 2kg
Babala 2kg
Tiller radys 1kg
Subzero 1kg
Sigory 1kg
Totaal 17kg